education

Department:
Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 12

## GESKIEDENIS V1

## NOVEMBER 2009

## ADDENDUM

**Hierdie addendum bestaan uit 11 bladsye.**

**VRAAG 1: HOE HET BERLYN DIE MIDDELPUNT VAN DIE OOS-WES-KONFLIK IN EUROPA GEWORD?**

**BRON 1A**

Die volgende bron bestaan uit twee dele geneem uit die webtuiste http://www.berlin-life.com/berlin/wall.

**DEEL 1: Geskrewe bron**

Bouwerk aan die Berlynse Muur het vroeg die oggend op Sondag, 13 Augustus 1961 begin. Dit was 'n desperate, effektiewe poging deur die Duitse Demokratiese Republiek (DDR) om te keer dat die inwoners van Oos-Berlyn, wat in die Sowjetbeheerde Oos-Duitsland gewoon het, na die Westerse deel van die stad, wat op daardie tydstip deur Amerika, Brittanje en Frankryk beheer is, ontsnap.

Berlyn was 'n unieke stad, geleë in die Sowjetbeheerde sone van Duitsland, met die helfte van die stad wat deur Westerse magte beheer is. Berlyn was die brandpunt van spanning tussen die Geallieerdes en die Sowjetunie en 'n stad waar botsende ideologieë sy aan sy afgedwing is. Soos al hoe meer mense in die Sowjetbeheerde Oos-Berlyn egter deur Kommunisme en die toenemende onderdrukkende ekonomiese en politieke toestande ontnugter is, het die aantal mense wat na die Weste oorgestap het, toegeneem. Teen 1961 het 'n geraamde 1 500 mense per dag na die Weste oorgeloop, wat beide die geloofwaardigheid en veral die werksmag van die DDR ernstig benadeel het. Gerugte het gou die rondte begin doen dat 'n muur gebou sou word en dit was nie lank nie, of die gerugte het 'n harde werklikheid geword.

**DEEL 2: Visuele bron – Foto van die Berlynse Muur wat in 1961 opgerig is.**



**BRON 1B**

Hierdie is 'n artikel uit *Revealed: Tragic Victims of the Berlin Wall,* geneem uit die webtuiste http://findarticles.com/p/articles/mi.

Siegfried Noffke was 'n 22-jarige, wat van sy familie geskei is deur 'n betekenisvolle en tragiese gebeurtenis wat die wêreld geskok het.

Noffke, 'n inwoner van Oos-Berlyn, het daardie aand familie in die kapitalistiese Wes-Berlyn besoek. Hy het soos baie ander op die oggend van 13 Augustus na 'n kruispunt in Oos-Berlyn teruggekeer, maar het gevind dat dit deur grenspolisie met masjiengewere versper is. Sy enigste kans van kontak met sy vrou en dogter, wat in Oos-Berlyn agtergebly het, was om vir hulle oor die doringdraadversperring te wuif.

Hy het besluit dat sy enigste kans om sy familie te red, sou wees om hulle na die Weste te smokkel. Hy het by 'n groep aangesluit wat 'n tonnel onder die Muur wou deurbreek. Die tonnel sou van Sebastian Strasse, in die bouvallige woonbuurt, Kreuzberg, in Wes-Berlyn, na Heinrich Heine Strasse in Oos-Berlyn, 'n afstand van ongeveer 200 treë, strek. Op die oggend van 28 Junie 1962 het die tonnelgrawers amper hulle doel verwesenlik. Minder as 'n tree grond het hulle van 'n kelder in 'n huis in die straat in Oos-Berlyn geskei. Toe Noffke en sy span egter deur die muur breek, het Oos-Duitsland se berugte geheime polisie, die Stasi, hulle ingewag.

Noffke, een van die heel eerstes wat uitgekom het, is onmiddellik met masjiengewere doodgeskiet. Sy kollegas is in hegtenis geneem en van 'aanhitsing teen die staat' aangekla. Die tonnelgrawers was onbewus daarvan dat Jürgen Henning, 'n Stasi geheime agent, vroeër by die groep aangesluit het en die owerhede in Oos-Berlyn volledig op hoogte gehou het van hulle aktiwiteite. Noffke se vrou is weens 'anti-Kommunistiese sameswering' in die tronk in Oos-Duitsland aangehou.

**BRON 1C**

Hierdie artikel kom uit *Berlin Wall – History of the Cold War in East Germany*, geneem uit die webtuiste http://www.germannotes.com/hist_east_wall.shtml.

Buitelanders het gereeld en wettiglik die Muur oorgesteek en die Oos-Duitsers het hulle geld verwelkom. Hulle is natuurlik altyd deursoek, sowel met hulle aankoms asook met hulle vertrek. Oos-Duitsers is soms toestemming gegee om oor te steek, veral as hulle te oud was om te werk.

Die bou van die Muur het belangrike implikasies vir beide Duitslande gehad. Die Duitse Demokratiese Republiek (DDR) kon sy beheer oor die land herstel deur die uittog van mense uit Oos-Duitsland te stuit. Die Muur was egter 'n mislukking ten opsigte van propaganda vir Oos-Duitsland en vir die kommunistiese blok in geheel. Vir Westerse moondhede het die Muur 'n belangrike simbool van kommunistiese tirannie geword, veral na die skietery van voornemende oorlopers wat in die kalklig was.

## VRAAG 2: HOE HET DIE UITDAGINGS VAN ONAFHANKLIKHEID GHANA SE TOEKOMS VAN HOOP NA WANHOOP VERANDER?

**BRON 2A**

Hierdie uittreksel kom uit die New *York Times*, 6 Maart 1957, en fokus op Ghana se onafhanklikheidsviering.

**GHANA, 'N NUWE NASIE**

Accra, wat tot vandag toe die Goudkus was aan die suidelike kant van die ronding van westelike Afrika, is die toneel van kleurvolle seremonies. Die stad is die nuwe hoofstad van 'n nuwe nasie, Ghana, die jongste lid van die Britse Gemenebes van Nasies. Hooggeplaastes van oor die hele wêreld, insluitend ons eie visepresident Nixon, is daar om hierdie vreedsame en verreikende rewolusie te vier. 'Rewolusie' is miskien 'n misleidende woord, omdat Ghana se onafhanklikheid die gevolg van ordelike prosesse van wettige ooreenkomste was.

Daar is vreugde onder die mense van hierdie nuwe staat as hulle van blydskap skreeu dat hulle hul vryheid gevind het. Daar is ook rede vir optimisme onder daardie mense wat dié nuwe Afrika-staat en sy mense alles van die beste toewens. Ghana het 'n bogemiddelde kans op werklike sukses.

Die grootste, enkele uitvoerproduk is kakao en Ghana is verantwoordelik vir omtrent die helfte van die wêreld se totale opbrengs. Ghana se besit van mangaan verseker 'n balans in die ekonomie – Ghana, met 'n opbrengs van 70 000 ton mangaan per maand, beklee 'n tweede plek na die Sowjetunie. Selfs dit kan mettertyd deur die produksie van bauxiet (aluminiumerts) oorskadu word, aangesien Ghana oor honderde miljoene ton van dié erts beskik. Daar is natuurlik ook goud langs die 'Goudkus' en produkte soos palmolie, mahoniehout en kolaneute verseker ook 'n gesonde inkomste. Die Voltarivierdamprojek sal die grootste gedeelte van Ghana van elektrisiteit en besproeide verbouing voorsien. Daar sal nuwe hawens, nuwe paaie, nuwe masjinerie, nuwe nywerhede en nuwe stede wees.

'n Nuwe nasie is onder gunstige omstandighede gebore. Ons hoop werklik dat Ghana sekuriteit, vooruitgang en geluk sal beleef.

**BRON 2B**


Die volgende uittreksel oor Ghana in die 1970's kom uit *The State of Africa* deur Martin Meredith.

> Geen ander land het die ondergang van Afrika so grafies voorgestel soos Ghana nie. Ghana was voorheen een van die mees florerende tropiese lande in die wêreld, maar was teen 1980 in 'n toestand van bankrotskap. Ghana se per capita bruto binnelandse produk het met meer as 3 persent per jaar in die 1970's geval. Produksie het in alle hoofsektore gedaal – kakao, hout, mynbou en vervaardiging. Die enigste sektor wat floreer het, was *kalabule* – die swartmark. Ghana se geldeenheid, die cedi, het op die swartmark tot twintig keer minder as die amptelike koers verhandel. Die koopkrag van 'n arbeider se salaris het in die 1970's tot 'n kwart van sy vorige waarde geval: dit het nou twee dae se salaris gekos om 'n brood te bekostig; 'n jamswortel (Afrika-aartappel), wat genoeg was om 'n gesin te voed, het meer as twee weke se salaris gekos. Die misdaadsyfer het toegeneem. Openbare dienste het ineengestort. Volgens 'n Wêreldbankskatting was slegs een derde van die trok- en busvloot en een vyfde van die lokomotiewe in 'n werkende toestand. Tussen 1975 en 1981 het ongeveer 14 000 opgeleide onderwysers die staat se onderrigdiens verlaat en baie het oorsee gegaan.

**BRON 2C**

Die spotprent deur Zapiro (2007) hieronder verwys na Ghana se onafhanklikheid van Brittanje.

**GEBOORTES**
Vir Afrika, 'n lewendige baba, Onafhanklikheid, gebore op 6 Maart 1957 in Ghana



## VRAAG 3: HOE HET DIE BURGERREGTEBEWEGING IN DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA IN DIE 1960's VERANDERING BEÏNVLOED?

### BRON 3A

Die volgende bron kom uit *African-American Civil Rights Movement* (1955 – 1968), geneem uit die webtuiste http://wikipedia.org/wiki/African_American.

Die Amerikaanse Burgerregtebeweging (1955 – 1968) verwys na hervormingsbewegings in die Verenigde State met die doel om rassediskriminasie teen Afro-Amerikaners op te hef en om weer stemreg in die suidelike state in te stel. Teen 1966 het die Swartmagbeweging ontstaan, wat ongeveer vanaf 1966 tot 1975 bestaan het en die doelwitte van die Burgerregtebeweging vergroot het deur rassewaardigheid, ekonomiese en politieke selfvoorsiening en vryheid van onderdrukking deur blankes in te sluit.

Baie van dié wat baie aktief aan die Burgerregtebeweging deelgeneem het en in organisasies soos SNCC, CORE en SCLC gedien het, het verkies om die term "Southern Freedom Movement" (Suidelike Vryheidsbeweging) te gebruik omdat die stryd oor veel meer as net burgerregte onder die wet gegaan het. Dit het ook oor fundamentele kwessies soos vryheid, respek, waardigheid en ekonomiese en maatskaplike gelykheid gegaan.

### BRON 3B

Die volgende bron verwys na die Burgerregtebeweging, geneem uit die webtuiste http://en.wikipedia.org/wiki/Civil_rights.

… Bekende strategieë wat voor die Burgerregtebeweging van 1955 tot 1968 gebruik is om diskriminasie teen Afro-Amerikaners af te skaf, het aanvanklik litigasie en stemwerwery ingesluit wat deur bekende organisasies soos die NAACP gebruik is. Hierdie pogings was die werk van die Amerikaanse Burgerregtebeweging van 1896 tot 1954. Teen 1955 het private burgers egter gefrustreerd geraak met die stadige pogings van federale en staatsregerings om desegregasie te implementeer en die 'massiewe weerstand' van voorstanders van rassesegregasie en stemreg-onderdrukking.

Hierdie burgers het uitdagend 'n gekombineerde strategie van direkte optrede met geweldlose verset aangeneem, wat as burgerlike ongehoorsaamheid bekend gestaan het. Die dade van burgerlike ongehoorsaamheid het tot krisissituasies tussen die deelnemers en regeringsowerhede gelei. Federale, staats- en plaaslike owerhede moes dikwels onmiddellik optree om die krisissituasies te ontlont en het soms ten gunste van die deelnemers besluit. Sommige van die verskillende vorme van burgerlike ongehoorsaamheid, het suksesvolle boikotte ingesluit soos die Montgomery-busboikot, (1955 – 1956) in Alabama, sitbetogings soos die invloedryke 'Greensboro'-sitbetogings in Noord-Carolina (1960) en massa-optogte soos die Selma-na-Montgomery optogte in Alabama (1965). Bekende oorwinnings vir die Burgerregtebeweging in hierdie gebied het die volgende ingesluit: die regsoorwinning in die Brown v. Raad van Onderwys-saak wat die regsartikel "afsonderlik, maar gelyk" ongeldig verklaar het en beslis het dat segregasie onwettig was, die aanneming van die Wet op Burgerregte van 1964 wat diskriminasie in die werksplek en in openbare blyplek verban het, die aanneming van die Wet op Stemreg van 1965 wat stemreg herstel het, en die aanneming van die Wet op Burgerregte van 1968 wat diskriminasie by die verkoop of huur van behuising verban het.

**BRON 3C**

Die foto hieronder toon die optog na Washington in 1963. Die foto kom uit *Free at Last: A History of the Civil Rights Movement and Those Who Died in the Struggle*, S Bullard.



## VRAAG 4: HOE HET STEVE BIKO EN DIE SWARTBEWUSSYNSBEWEGING GEPOOG OM VERANDERING IN SUID-AFRIKA TE BEÏNVLOED?

### BRON 4A

Die volgende is 'n uittreksel uit 'n stelling deur Steve Biko uit *Biko,* deur Donald Woods (1987).

> ... wat ook al jy tot nou toe gedoen het, het jy probeer om die wit mense na te aap. Jy het jou waardes verloor. Jy is ontwortel. Gaan nou terug na jou oorsprong en van daar af kan jy as 'n man in eie reg ontwikkel. Swart Bewussyn ontwikkel in swart solidariteit en swart mag.

### BRON 4B

Die bron hieronder verwys na die Swartbewussynsbeweging (SBB). Geneem uit *We Write What We Like,* deur Chris van Wyk.

> Swart Bewussyn het die hele blanke magstruktuur in Suid-Afrika uitgedaag omdat dit alternatiewe strukture voorsien het. Biko het gesê dat swart mense nooit hulle vryheid sou wen voordat hulle en hulle gemeenskappe selfvertroue ontwikkel het nie. En om hulle vertroue te herwin, moet hulle hulself van blanke afhanklikheid losmaak. Biko het saam met vriende Swartgemeenskapsprogramme begin, waar swart mense mekaar sonder blanke bystand gehelp het. Die Swartbewussynsbeweging het 'n verskeidenheid programme gebruik om die massas te bereik – klinieke, crèches en opleiding in geletterdheid. Alhoewel die beweging suksesvol was om omvattende plaaslike komitees op die been te bring om weerstand te organiseer, is die Swartbewussynsbeweging egter self uitgewis deur sekuriteitsoptrede teen sy leiers en maatskaplike programme. Teen 1976 is 123 sleutellede verban en beperk tot verafgeleë landelike distrikte. Teen 1977 was alle SBB-verwante organisasies verban, baie van sy leiers in hegtenis geneem en hulle maatskaplike programme ontbind.

**BRON 4C**

Die spotprent hieronder deur Zapiro, bring hulde aan Steve Biko, 1977.




**I Write What I Like deur Steve Biko**

**BRON 4D**

Hierdie is 'n uittreksel uit 'n toespraak deur Duncan Innes waarin hy na die invloed van Steve Biko verwys. Geneem uit *We Write What We Like*, deur Chris van Wyk.

Steve Biko se bydrae tot die bevrydingstryd in Suid-Afrika is alombekend, alhoewel dit nie altyd ten volle erken is nie. Maar ek is aan hom baie dank verskuldig vir die groot rol wat hy in my persoonlike intellektuele en politieke ontwikkeling gespeel het.

Die 1967-NUSAS (Nasionale Unie van Suid-Afrikaanse Studente)-kongres, wat by Rhodes Universiteit gehou is, was van die begin af uitmekaar getrek omdat die universiteit besluit het dat swart studente nie saam met die blanke studente in die universiteitskoshuise mag tuisgaan nie. Hulle moes in die township bly. NUSAS het 'n resolusie uitgereik waarin hulle beswaar gemaak het teen die universiteit se rassistiese beleid, maar dit was nie vir Steve goed genoeg nie. Hy het in 'n vurige toespraak sterk standpunt ingeneem en gevoel dat die oorwegende blanke leierskap van NUSAS 'n sterker standpunt teenoor die universiteit se posisie moes inneem – hulle moes hulle bereidwilligheid bewys het om ook saam met die swart studente swaar te kry. Hy het voorgestel dat almal op 'n 24-uur-lange hongerstaking gaan.

Ek was totaal deur sy toespraak betower. Om mee te begin, was dit die eerste keer dat ek 'n swart persoon so welsprekend en kragtig hoor praat het oor hoe apartheid gepoog het om swart mense te verneder. Tweedens is ek nog nooit vantevore gevra om 'n persoonlike opoffering te maak nie, al was dit net vir 24 uur, ter ondersteuning van my anti-apartheidsoortuiging. Ek het ten gunste van Steve se mosie gepraat en het saam met die meerderheid van die kongres ten gunste van die hongerstaking gestem.

In 1972 het ek Suid-Afrika verlaat om my nagraadse studie in Engeland voort te sit en het kontak met Steve verloor. Vyf jaar later, in September 1977, terwyl ek nog in Engeland was, het ek gehoor dat Steve wreedaardig deur die apartheidsmagte vermoor is. 'n Vlaag hartseer het my daardie verskriklike dag oorweldig, enersyds omdat ek geweet het dat Suid-Afrika een van sy grootste seuns en ook toekomstige leiers verloor het, maar andersyds omdat ek geweet het dat die man wat my lewe verander het, vir ewig weg was.

## ERKENNINGS

Visuele bronne en ander geskiedkundige bewyse is uit die volgende geneem:

Baker, C. 1990. *Russia 1917 – 1945* (Heinemann Educational)
Bartels, J et al. 2006. *Shuter's History* (Shuter & Shooters Publishers)
Bernstein, H. 1976. *No. 46 – Steve Biko*
Bottaro, J et al. 2006. *Oxford in Search of History Grade 11* (Oxford University Press)
Brooman, J. 1992. *The Age of Excess* (New York; Longman)
Brooman, J. 2005. *The Cold War – Superpower Relations 1945 – 1989* (Longman)
Brazier,C. Racism: Shouldering Our Responsibilities (*New Internationalist Magazine*, March 1985)
Bullard, S. 2000. *Free at Last: A History of the Civil Rights Movement and Those Who Died in the Struggle* (Oxford; Heinemann)
Clark, JF. 2002. *The African States of the Congo War* (Palgrave)
Culpin, C. 2000. *South Africa Since 1948* (John Murray Publishers)
Downey, T et al. 2000. *Russia and the USSR 1905 – 1995* (Oxford; Oxford University Press)
Fiehn,T. 2005. *Russia and the USSR 1905 – 1941* ( London; John Murray )
Govender, SP et al. 2006. *New Generation History Grade 12* (New Generation Publishing Enterprises)
Graves, F et al. 2006. *Moments in History* (Juta Gariep)
Internet: *http://www.berlin-life.com/berlin/wall*
Internet: *http://findarticles.com/p/articles/mi*
Internet: *http://www.germannotes.com/hist_east_wall.shtml*
Internet: http://wikipedia.org/wiki/African_American
Internet: http://en.wikipedia.org/wiki/Civil rights
Kelly, N. 1996. *Russia and USSR 1905 –1956* (Oxford; Heinemann)
Kelly, N et al. 1996. *The Modern World* (Oxford; Heinemann)
Lane, P. 1978. *The USA in the Twentieth Century* Leadership vol. 10 (London; Batsford)
Meredith, M. 2005. *State of Africa: History of Fifty Years of Independence* (London; J Ball)
Nugent, P. 2004. *Africa Since Independence* (Palgrave)
O' Callaghan, DB. 1974. *From Roosevelt and the United States* (London; Longman)
Roberts, M. 2001. *South Africa 1948 – 1994*(China; Longman)
Robertson, J. 1986. *Russia in Revolution* (Oxford; Oxford University Press)
Smith, N. 2000. *The USA 1917 – 1980* (Oxford; Oxford University Press)
Taylor, D. 2002. *The Cold War* (Heinemann)
Van Wyk, C. 2000. *We Write What We Like* (Oxford; Oxford University Press)
Waugh, S. 2001. *Essential Modern World History* (Canale)
Woods, D. 2001. *Nelson Mandela The Illustrated Long Walk to Freedom* (Little Brown)
York, B. 1983. *The Soviet Union* (Harrap)

Kopiereg voorbehou